HOËRSKOOL WATERKLOOF

Sedert 1979

Posbus 25085, Monumentpark,
Pretoria, 0105
Tel: (012) 347 0277
Faks: (012) 347 0279
E-pos: klofies@klofies.co.za
www.klofies.co.za

23 Augustus 2016

Aan wie dit mag aangaan

HOËRSKOOL WATERKLOOF KONSERTORKES-BORGSKAP

Dit is vir Hoërskool Waterkloof belangrik om aan ons mandaat as verantwoordelike opvoeder te voldoen deur gebalanseerde onderwys en dieselfde geleenthede op alle vlakke aan al ons leerders te bied. Dié doelwit raak weens die huidige makro-ekonomiese toestand in die land vir al hoe meer skole 'n uitdaging en daarom is dit nie meer moontlik om sonder die finansiële bystand van die breër gemeenskap en besighede, hieraan te voldoen nie.

Graag neem ons die vrymoedigheid om u te nader vir 'n borgskap vir die Hoërskool Waterkloof Konsertorkes. Die orkes is tans die beste in die land en sal aan enige voornemende borg die ideale geleentheid tot bemarking en blootstelling bied. Dit is voorts vir ons belangrik om 'n pad met ons borge te stap en daarom is dit vir ons meer as net 'n finansiële bydrae; dit word 'n vennootskap vir die ontwikkeling en uitbouing van kultuur by die skool. Dit bied ook aan ons die geleentheid om alle orkeslede dieselfde geleenthede te gun, sonder die addisionele finansiële druk op hulle of hulle ouers.

Ons besef dat die ekonomie ook 'n invloed op die gemeenskap en besighede het en voorsien u dus van soveel as moontlik inligting, sodat u 'n ingeligte besigheidsbesluit ten opsigte van 'n moontlike borgskap kan neem. Verwys asseblief na meegaande dokument vir 'n vinnige oorsig oor die konsertorkes.

Die totale borgskap beloop nagenoeg R410 000 en sluit die volgende elemente in:

- Suid-Afrikaanse orkeskampioenskappe 2016 **R175 945.00**
  (Ongeveer R5 500 per orkeslid)
  - Busvervoer R 38 025.00
  - Verblyf R109 670.00
  - Etes R 24 850.00
  - Toer T-hemp R 3 400.00
- Konsertklere vir 2017 (sluit staanderlappies in) **R120 000.00**
- 40 Staandersakke **R 20 000.00**
- Geraaswa (Konsertorkes se sleepwa vir instrumente) **R 15 000.00**
- Aprilkamp, orkeshempie, *fleece*-baadjies **R 80 000.00**

Die volgende opsies vir borgskap is beskikbaar:

- **Totale borgskap van Hoërskool Waterkloof Konsertorkes vir 2016/2017 (en daarna indien verkies op 'n jaar-tot-jaar-basis)**

  Die borg wat die konsertorkes as geheel borg, kry die volgende blootstellingsgeleenthede deur die borgskap by die skool:

  - Die maatskappy se logo op die toerhempie, *fleece*-baadjies, staandersakke en Geraaswa
  - Gratis advertensie op die skool se toep by 'Kultuur' vir die tydsduur van die borgskap
  - Gratis advertensie op die skool se elektroniese bord – een advertensie per week vir die borgperiode.
  - Melding van die borg by alle kultuurgeleenthede.
  - Geleentheid vir borg om waar moontlik met kultuurgeleenthede hul eie bemarkingsmateriaal te vertoon.
  - Die naam en/of advertensie van die borg op alle programme.
  - 'n Advertensiebord (vir die koste van die borg) langs die sportveld vir 'n jaar.
  - Gratis advertensie op die skool se webblad onder 'Borge'.

- **Gedeeltelike borgskap van Hoërskool Waterkloof Konsertorkes vir 2016**

  Die borg/(e) wat 'n gedeelte van die Konsertorkes-uitgawes borg, se blootstelling sal bepaal en onderhandel word volgens die bedrag, maar kan van die volgende insluit:

  - Die maatskappy se logo op die item/(s) wat geborg word
  - Gratis advertensie op die skool se toep by 'Kultuur' . Tydsduur sal deur die grootte van die borgskap bepaal word.
  - Gratis advertensie op die skool se elektroniese bord – blootstelling sal deur die grootte van die borgskap bepaal word.
  - Melding van die borg by alle kultuurbyeenkomste.
  - Geleentheid vir borg om waar moontlik met kultuurbyeenkomste hul eie bemarkingsmateriaal te vertoon.
  - Die naam en/of advertensie van die borg op alle programme.
  - 'n Advertensiebord (vir die koste van die borg) langs die sportveld vir 'n jaar.
  - Gratis advertensie op die skool se webblad onder 'Borge'.

Indien u van hierdie geleentheid gebruik wil maak, kan u met die konsertorkes-koördineerder, me. Henriette Booyse (henriette.booyse@klofies.co.za) of bemarkingskoördineerder (bemarking@klofies.co.za) by die skool kontak maak.

Die bankbesonderhede vir inbetalings is as volg:

Bank:	ABSA
Rekeningnaam:	Hoërskool Waterkloof
Rekeningnommer:	3490 144 454
Tipe rekening:	Tjek
Takkode:	632005 (elektroniese oorbetalings) | 630 193 (bankdeposito's)
Verwysing:	**0550/050/naam van maatskappy/individu/besigheid** (Bewys van betaling moet asseblief aan me. Susra Labuschagne by skoolgeld@klofies.co.za gestuur word.)

Ons waardeer u positiewe oorweging van die versoek en sien uit na u terugvoer.

Klofiegroete

MNR. D. G. C. POTGIETER
HOOF